GRONDWET

GRONDWET VAN LAERSKOOL PARK : KLUB 100 EN ALUMNI

ARTIKEL 1: NAAM

1.1 Die klub sal bekend staan as "Laerskool Park Klub 100 en Alumni" met `n verkorte naam as "Klub 100" (Hierna in die grondwet verwys na as **"die klub"**).

ARTIKEL 2: VISIE EN MISSIE VERKLARING

2.1 Visie

Dit is die visie van die klub dat Laerskool Park ontwikkel as die nommer een skool op sport en kulturele gebied in die Mosselbaai omgewing met `n gesonde finansiële ondersteuningsbasis.

Hierdie vervolmaking van die visie sal gemeet word aan:

2.1.1 `n Wen kultuur;

2.1.2 `n Beeld wat bewys lewer van netheid;

2.1.3 `n Beeld wat bewys lewer van dissipline;

2.1.4 `n Beeld wat respek teenoor almal uitstraal;

2.1.5 Positiewe samewerking vermoë;

2.1.6 Grootte van aktiewe ondersteuningsbasis.

2.2 Missie

Om die visie van die klub na te streef sal die volgende aksies `n permanente uitvoering van die klub wees:

2.2.1 Die uitbouing van die band tussen oud leerders, ouers van huidige en oud leerders, huidige en oud-opvoeders, vriende van Laerskool Park en enige persoon wat die visie en missie van die klub ondersteun.

2.2.2 Die bevordering van sosiale interaksie tussen oud-leerders, ouers van huidige en oud-leerders, huidige en oud-opvoeders, vriende van Laerskool Park en enige persoon wat die visie en missie van die klub ondersteun.

2.2.3 Die onderneming van projekte ter ondersteuning van Laerskool Park sport en kultuur.

2.2.4 Die algemene bevordering van die belange van Laerskool Park sport en kultuur.

ARTIKEL 3: LEDE 3.1 Lidmaatskap

Enige van die onderstaande persone mag aansluit by die klub as individuele persone.

Die volgende persone mag lede van die klub word:

3.1.1 Oud-leerders;
3.1.2 Ouers van huidige en oud-leerders;

3.1.3 Huidige en oud-opvoeders;

3.1.4 Vriende van Laerskool Park;

3.1.5 Enige persoon wat die visie en missie van die klub ondersteun en `n verbintenis van watter aard ook al met Laerskool Park het.

3.2 Lewenslange lidmaatskap

`n Lid van die klub kan lewenslange lidmaatskap verwerf onderhewig aan:

3.2.1 Goedkeuring deur die uitvoerende bestuur vir spesiale diens.

3.3 Ere lidmaatskap

Ere lidmaatskap tot die klub word toegeken op inisiatief van die uitvoerende bestuur en wel slegs aan die volgende lede:

3.3.1 Oorspronklike stigterslede van die Klub 100;

3.3.2 Dienende skoolhoof;

3.3.3 Lede wat uitsonderlike diens gelewer het aan Laerskool Park en/of die klub oor `n tydperk van nie minder as vyf (5) jaar nie.

Lede wat op hierdie wyse vereer word, sal `n bewys van ere lidmaatskap ontvang tydens `n geleentheid wat deur die uitvoerende bestuur bepaal sal word na oorlegpleging met die ontvanger/s van die toekenning.

Bogenoemde toekenning moet deur die algemene bestuur bekragtig word.

Lede wat ere lidmaatskap ontvang, betaal geen lidmaatskap fooie nie.

3.4 Lidmaatskap voordele

`n Lidmaatskap kaart met `n ledenommer sal aan elke persoon uitgereik word wat aansluit (wanneer `n gesin op een lidmaatskap nommer aansluit, sal sleg 2 kaarte per gesin uitgereik word) wat die lid/lede van die kaart die volgende voordele sal bied vir die betrokke jaar:

3.4.1 Een (1) gratis klub T-hemp met eerste keer aansluiting. (ander lede van `n gesin wat onder dieselfde lidnommer ressorteer kan `n klub T-hemp met dieselfde nommer aankoop teen vasgestelde prys;

Let asb. daarop dat lidmaatskap **jaarliks** hernubaar is en dat u jaarliks 'n nuwe lidmaatskap kaart sal ontvang sodra klubgelde vir die betrokke jaar ontvang is. Voordele mag van tyd verander soos deur wetgewing vereis. Die skool mag ook op sy diskresie ekstra voordele aan klublede beskikbaar stel wat nie noodwendig veranderinge aan die grondwet teweegbring nie. Sulke klubvoordele sal jaarliks duidelik aan klublede gekommunikeer word.

3.5 Pligte van lede

Om aan die klub te behoort sal daar ook van die lede verwag word om aktiewe ondersteuning aan die klub en Laerskool Park gee en sal ook die volgende insluit:

3.5.1 Gereelde betaling van lidmaatskap fooie;

3.5.2 Help waar moontlik met projekte en fondsinsamelings;

3.5.3 Algemene deelname en ondersteuning van u eie kinders indien nog op skool te Laerskool Park.

ARTIKEL 4: FINANSIES

Ten einde die klub in staat te stel om sy visie na te streef, sal daar op verskillende maniere fondse bekom word. Hierdie befondsing projekte sal die volgende insluit:

- Ledegeld;
- Donasies;
- Borge;
- Manne-aande;
- Konserte;
- Voedsel en wynfeeste;
- Wyn veilings;
- Verkope van klerasie, aandenkings en versamel items;
- Advertensie promosies;
- En enige ander wettige en goedgekeurde metode wat gebruik kan word om fondse te genereer.

Die werklike bedrae van ledegelde, vasgestelde afslag, klerasie prys bedrae en ander werklike kostes sal in `n finansiële beleid neergelê word. Hierdie bedrae sal jaarliks deur die uitvoerende bestuur aangepas word. Die aanpassings op die finansiële beleid, soos voorgestel deur die betrokke uitvoerende bestuur, sal op die jaarvergadering voorgelê word vir oorweging en goedkeuring deur die algemene bestuur.

Hierdie fondse kan aangewend word na goedkeuring van die uitvoerende bestuur vir:

- Opgradering van klubhuise en geriewe;
- Aankoop van sportapparaat en toerusting;
- Hulp aan behoeftige leerders met sport en/of kultuur vermoëns wat tot voordeel van Laerskool Park en die klub sal strek;
- Hulp met afrigtingsklinieke;
- Of op enige wettige en goedgekeurde aanwending ter uitbreiding van die doelwitte van Laerskool Park en bereiking van die visie van die klub.

4.1 **Ledegeld**

4.1.1 Ten einde die klub in staat te stel om sy doelwitte te verwesenlik, sal `n **jaarlikse lidmaatskapfooi** van R100 per maand of R1200 per jaar gevorder word. Hierdie bedrag sal aangedui word in die klub se finansiële beleid wat jaarliks aangepas word.

4.1.2 Alle huidige opvoeders te Laerskool Park wat by die klub wil aansluit betaal 'n spesiale vasgestelde fooi en sal steeds alle regte en voorregte van die klub geniet.

4.1.3 Indien `n lid meer as die bedrag van sy jaarlikse ledegeld betaal, sal die balans as `n donasie beskou word, tensy die lid uitdruklik spesifiseer dat vir toekomstige ledegeld is.

4.1.4 Die uitvoerende bestuur mag `n lid vrystel van betaling van ledegeld onderhewig daaraan dat die uitvoerende bestuur die sodanige vrystelling tydens die daaropvolgende jaarvergadering moet voorlê vir kennisname.

4.2 **Donasies en borge**

4.2.1 Enige donasies en borge ontvang kan deur die uitvoerende bestuur na goeddunke gebruik word ter bevordering van die belange van Laerskoool Park en/of die klub.

4.2.2 `n Donateurs/borgskap erkennings bord sal in die klubhuis vertoon word waarop die name van donateurs en borge sal verskyn wat `n donasie of borgskap gemaak het gelykstaande of groter as die minimum bedrag soos aangedui in die finansiële beleid wat benodig word om die naam op die bord te kan aanbring.

4.3 **Enige ander fonds insamelings projekte**

4.3.1 Enige fondse ge-in deur die klub van enige fondsinsamelings projekte, kan deur die uitvoerende bestuur na goeddunke gebruik word ter bevordering van die belange van Laerskool Park en/of die klub.

ARTIKEL 5: **BESTUUR**

5.1 Die sake van die klub sal deur `n Trustees bestuur van nie minder as drie (03) en nie meer as sewe (7) lede behartig word.

5.2 Die Trustees van die klub sal aangewys word soos wat lede bedank as trustee lede.

5.3 `n Sameroeper sal deur die trustees aangewys word wat as voorsitter van die Klub sal optree.

5.5 Die uitvoerende bestuur sal uit die volgende verkose ampsdraers bestaan:

5.5.1 Voorsitter
5.5.2 Ondervoorsitter
5.5.3 Sekretaris
5.5.4 Tesourier

5.5.5	1 addisionele lid	(Beheerliggaam lid belas met sport)
5.5.6	1 addisionele lid	(Alumni-lid belas met Alumni-sake)
5.5.7	1 addisionele lid	(Verkose lid belas met klerasie)

5.6 Verkieslik moet `n ouditeur tydens die algemene jaarvergadering aangewys word, maar as die klub `n ouditeur nie op daardie stadium kan bekostig nie, kan `n rekenkundige beampte wat gekwalifiseerde state kan opstel, aanwys word. Hierdie persoon mag nie "dien" op enige bestuur van die klub nie.

5.7 Die ouditeur of rekenkundige beampte sal die state van die klub nagaan/oudit en `n behoorlike verslag aan die tesourier oorhandig vir voorlegging tydens die algemene jaarvergadering.

5.8 Alle bestuur vergaderings sal deur die sekretaris byeengeroep word en daar sal ten minste een (1) algemene vergadering (uitgesluit die algemene jaarvergadering) per jaar gehou word en ten minste een (1) uitvoerende bestuursvergadering per kwartaal gehou word.

5.9 Tydens alle bestuur vergaderings sal daar gestrewe word na konsensus. Wanneer daar onder omstandighede nie tot `n vergelyk gekom kan word nie, sal daar `n beslissing met behulp van `n meerderheid stem geneem word.

5.10 Die voorsitter, of in sy afwesigheid die ondervoorsitter, sal by alle vergaderings voorsit en sal in die geval van staking van stemme, die beslissende stem hê.

5.11 In die geval van die bedanking van `n bestuurslid, en indien die geskeduleerde jaarvergadering nie binne `n tydperk van drie (3) maande sal plaasvind nie, kan die uitvoerende bestuur `n ander lid van die klub in sy/haar plek koöpteer.

5.12 50% plus 1 lid van `n bestuur is `n kworum. Indien `n kworum nie verkry word binne 15 minute van die aanvang van 'n vergadering nie, sal die vergadering vir 15 minute verdaag word. Met hul bymekaarkom 15 minute later sal die lede teenwoordig as `n kworum beskou word.
(Kworum bepaling by algemene vergaderings is 50% plus 1 van die ingeskrewe lede en tydens bestuur vergaderings 50% plus 1 van verkose lede, aangesien opvoeders-, beheerliggaam- en OOV lede nie verplig is om vergaderings by te woon nie.)

5.13 Die boekjaar van die klub strek vanaf 1 Januarie tot 31 Desember elke jaar.

5.14 `n Verkose bestuurslid verbeur sy amp indien hy/sy twee (2) opeenvolgende vergaderings nie bywoon nie sonder dat vooraf verskoning gemaak is en hy/sy geen redelike verduideliking daarvoor het nie

5.15 Die sekretaris sal behoorlike notule van alle vergaderings hou.

5.16 `n Lederegister sal bygehou word en alle vergadering dokumente sal deur die skool veilig bewaar word.

ARTIKEL 6: ALGEMENE JAARVERGADERING

6.1 `n Algemene Jaarvergadering is die klub se hoogste besluitnemende liggaam en sal voor die laaste skooldag van`elke jaar gehou word, met die doel om die volgende te laat plaasvind:

6.1.1 Die voorlegging en goedkeuring van enige veranderinge aan die grondwet en enige ander goedkeuring wat benodig word wat slegs volgens die grondwet deur die algemene bestuur op `n algemene jaarvergadering of spesiale jaarvergadering gedoen kan word;

6.1.2 Die voorlegging vir goedkeuring van die klub se finansiële state en begroting;

6.1.3 Die voorlegging en goedkeuring van die voorsitter se jaar verslag;

6.1.4 Die verkies van die nuwe Algemene Bestuur vir die komende jaar.

6.2 `n Spesiale jaarvergadering kan ten eniger tyd deur die voorsitter op versoek van die bestuur belê word.

6.3 Kennisgewing van enige gewone of jaarvergaderings sal geskied minstens veertien (14) dae voor die hou van die betrokke vergadering. Die voorsitter kan wel `n uitvoerende bestuur vergadering belê op korter kennisgewing, maar dan moet die meerderheid van die betrokke bestuurslede daartoe instem.

6.4 Datums van vergaderings en/of projekte sal in oorleg met die skool bepaal word en sal op die skoolkalender verskyn, indien sodanige datums betyds beskikbaar is.

6.5 Agtien (18) lede is `n kworum vir algemene of spesiale jaarvergaderings. Indien `n kworum nie verkry word binne 15 minute van die aanvang van 'n vergadering nie, sal die vergadering vir 15 minute verdaag word. Met hul bymekaarkom 15 minute later sal die lede teenwoordig as `n kworum beskou word.

6.6 Stemming op enige jaarvergadering is altyd slegs vir lede wie se ledegelde vir daardie betrokke jaar betaal is. Slegs betalende lede het stemreg, d.w.s. waar lede as `n familie aangesluit het, het slegs een (1) lid van daardie betrokke familie stemreg.

6.7 Die voorsitter, of in sy afwesigheid die ondervoorsitter, sal by alle vergaderings voorsit en sal in die geval van staking van stemme, die beslissende stem hê.

ARTIKEL 7: ALGEMEEN

7.1 Indien die klub op enige stadium die houer van `n dranklisensie is, sal die betrokke perseel bedryf word volgens die voorskrifte van die drankwet, wet 27 van 1989.

7.2 Die klub is `n regspersoon op sy eie en mag transaksies aangaan en ooreenkomste sluit wat die uitvoerende bestuur van die klub nodig ag om sy doelwitte na te streef. Die klub sal en mag nie Laerskool Park in enige wyse kontraktueel verbind in enige transaksies of ooreenkomste wat die klub mag sluit met enige ander instansie of persoon nie, maar die klub mag wel op goedkeuring van Laerskool Park ooreenkomste direk met Laerskool Park aangaan.

7.3 Die klub behou die reg voor om toegang tot enige fasiliteite wat onder die klub ressorteer (insluitende kroeg fasiliteite) te beperk en/of om voorwaardes te bepaal vir die gebruik van enige sodanige fasiliteite.

7.4 Die fasiliteite van die klub kan deur gaste van enige lid besoek word (gesinslede ressorteer as volwaardige lede en word dus nie as gaste beskou nie) op voorwaarde dat die getal gaste per lid nie vier (4) oorskry nie en dat lede volle verantwoordelikheid vir gaste aanvaar.

7.5 Nie die klub of enige klub fasiliteite mag tot voordeel (finansieel of andersins) van enige individu bedryf word nie.

ARTIKEL 8: VERANDERINGS AAN GRONDWET EN REËLS

8.1 Enige verandering of byvoeging tot hierdie grondwet en reëls geskied op 'n Algemene / Spesiale Jaarvergadering, met dien verstande dat kennisgewing van sodanige vergadering minstens twee weke voor die datum van die Algemene / Spesiale Jaarvergadering gegee word Indien voorgestelde wysigings beplan word, sal dit vir die genoemde twee weke by die klub se kantoor ter insae beskikbaar wees. Aanvaarding geskied deur 'n gewone meerderheid stem.

8.2 Enige opbetaalde lid van die klub kan 'n skriftelike voorstel ter wysiging van die grondwet en reëls vir oorweging by die Bestuur indien minstens 21 dae voor die beplande Jaarvergadering. Die bestuur neem die finale besluit t.o.v. voorlegging van die voorstel tydens die Jaarvergadering, al dan nie.

ARTIKEL 9: AMPTELIKE KLERE EN KENTEKENS

9.1 Die amptelike klere en kentekens van die klub kan onder andere die volgende insluit:

9.1.1 Die erkende Klub 100 wapen;

9.1.2 Die erkende Klub 100 ondersteunershemp;

9 1 3 Die erkende Klub 100 Baadjie;

9.1.2 Die bestuur van die klub is die finale keurder van bogenoemde kentekens en klere.

9.2 Bogenoemde kentekens mag aan enige ondersteuner van Laerskool Park en lede van die klub voorsien word.

ONS SERTIFISEER DAT HIERDIE GRONDWET EN REëLS OP DIE VOLGENDE DAG EN DATUM VOLGENS VOORSKRIF AANVAAR IS.

GETEKEN TE MOSSELBAAI OP DIE 18DE **DAG VAN** MEI **2023**

VOORSITTER KLUB 100

SKOOLHOOF LAERSKOOL PARK